
Publication: SonWes (Sport)
Publication Date: 23 Aug 2017
Page: 27

AVE: 51277.38
Circulation: 73757
Part: 1 of 1



NFD wrap met Seraj Jones

# NET DRIE SPANNE IS ’N BEDEKTE SËEN



**TWEESTRYD:** Olwethu Nguye van Ubuntu Cape Town (regs) en 'n speler van Stellenbosch veg om balbesit in gister se wedstryd in die Athlone-stadion. **Foto: GALLO IMAGES**

**DIE Nasionale Eerste Liga het die naweek afgeskop, met die Moederstad wat nou net drie spanne in dié kompetisie oor het.**

Santos se gesukkel van die laaste paar seisoene het hom uiteindelik ingehaal en die span van Lansdowne is gerelegeer.

Dinge het ook té veel geraak vir Milano United en dié span se franchise is verkoop.

Die feit dat die Kaap nou met net drie spanne sit, is dalk 'n bedekte seën.

*In die verlede het die vyf Kaapse spanne dinge vir mekaar net bemoeilik. Die een derby ná die ander het beteken dat dié spanne mekaar in 'n mate neutraliseer.*

In dié derbies het die vonke altyd behoorlik gespat en was dit die spanne van die Noorde wat gewoonweg die meeste gebaat het.

**Daar is tog 'n nuwe Kaapse span in dié kompetisie nadat Ubuntu Trust FC Cape Town se franchise gekoop het.**

Dié nuwe klub is in Rondebosch gesetel en word deur die voormalige nasionale verdediger Roger Links afgerig.

Links het reeds reuse-werk aan die afrigtingsfront gedoen.

Al het Ubuntu in sy geskiedkundige eerste stryd met 1-2 teen Stellenbosch vasgeval, het hy die span van die Eikestad harde bene laat kou.

Dít is beslis 'n goeie teken vir die pad vorentoe.

Dit is beslis weer tyd dat die Kaapse spanne in die nasionale reeks kompeterend is.

Dit is ook goed om te sien dat Stellenbosch weer dié seisoen vol skop is.

SMS JOU MENING OOR DIE STORIE AAN
32369
SÊ ONS!
SMS'e KOS R1.50

**Die NFD se eerste uitslae:** **Ubuntu Cape Town 1, Stellenbosch 2; Richards Bay 1, Real Kings 1; Tshakhuma Tsha Madzivhandila 0, Cape Town All Stars 1; Highlands Park 1; Jomo Cosmos 0; Witbank Spurs 2, Super Eagles 1; Mbombela United 0, Black Leopards 1; Uthongathi FC 1, Royal Eagles 1; Tuks 1, Mthatha Bucks 1.**

■ **NFD Wrap** *sal elke Woensdag verskyn. Drop my gerus 'n mail by seraj.jones@son.co.za en sê wat julle dink!*

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.